# ‘N NORMALE CHRISTELIKE GEBOORTE

**Christo Nel**

## Inhoud


**Inleidend .................................................................... 4**

**1. ‘n Normale geboorte vereis Bybelse berou en bekering ........................................................ 4**

BEROU EN BEKERING .................................................................................. 6

**2. Geloof is deel van ‘n normale geestelike geboorte 9**

2.1 Geloof is gebou op historiese feite .................................................. 11

2.2 Geloof is persoonlik ........................................................................... 12

2.3 Geloof moet uitgesê word ................................................................. 12

2.4 Geloof moet gelewe word .................................................................. 13

2.5 Geloof volhard ................................................................................... 13

**3. Om gedoop te word ... ............................................ 14**

3.1 Waar het dit ontstaan? ...................................................................... 17

3.2 Hoe is mense gedoop? ....................................................................... 18

3.3 Waarom is mense gedoop? ................................................................ 19

3.4 Wanneer is mense gedoop? ............................................................... 20

DIE GEREFORMEERDE LEER OOR DIE DOOP VAN SUIGELINGE ........................................ 21

WAT DIE DOOP NIE KAN DOEN NIE ................................................................ 22

**4. Die doop met die Heilige Gees .............................. 23**

## Inleidend

Die boek van David Pawson met die titel ***A NORMAL CHRISTIAN BIRTH*** het werklik met my hart gepraat. Nie dat ek met alles saamstem wat hy skryf nie. Inteendeel. Ek verskil byvoorbeeld van hom daarin as hy die laaste gedeelte van sy boek bou op die onskriftuurlike aanname dat ‘n mens eers die “doping met die Heilige Gees” as Christen moet beleef voordat die Heilige Gees in jou lewe woon.

Maar ten spyte daarvan het hierdie boek my geïnspireer om met die Woord te gaan worstel hieroor. Dit wat hier volg is my nadenke hieroor. Lees dit en laat God self met jou verder daaroor praat.

## 1. ‘n Normale geboorte vereis Bybelse berou en bekering

Dit wat by die geboorte van ‘n baba gebeur, raak daardie kind se hele lewe. ‘n Normale, vinnige, probleemvrye geboorte bring ‘n gesonde baba voort. Maar ‘n pynlike, langdradige geboorte kan fisiologiese en psigologiese komplikasies in so ‘n kind se lewe hê. Meestal lei dit ook verder tot swak gesondheid en stadige groei.

Dit is waar van ‘n fisiese geboorte, maar ook van ‘n geestelike geboorte. Baie Christene, en daarby sluit ek myself in, se geestelike geboorte was ‘n abnormale, uitgerekte en gekompliseerde affêre. Ons kan een van twee dinge hiermee doen: Of mekaar net so los, moed inpraat en probeer op hierdie pad aangaan. Of ons kan vir mekaar sê: Maar God wil vir ons meer gee as wat ons reeds het. En dit is die weg wat ek gekies het.

Die rede vir ons gebrekkige en armoedige bestaan as Christengelowiges is omdat ons geboorte so rukkerig en abnormaal verloop het. Kom ons gaan sit by mekaar rondom die Woord en maak nou vir eens en altyd reg wat verkeerd is, sodat ons groei vorentoe normaal kan wees.

Dit was tog wat Paulus en die ander gelowiges in Handelinge 16, 18 en 20 gedoen het met mense by wie daar probleme was rondom hulle geestelike geboorte. Hulle het dadelik iets daaraan gedoen. Dit is tog die liefdevolle en beste benadering, omdat dit die heil van die medegelowige in die oog het.

In ‘n neutedop glo ek, bestaan die normale Christelike geboorte uit 4 spesifieke gebeure aan die mens se kant:

1. Sondebesef, ware berou en bekering teenoor God oor jou sondige lewe;

2. ‘n Egte geloof in Jesus Christus as Verlosser en Here;

3. Wat gesimboliseer en bevestig word deur die waterdoop;

4. En ‘n doelbewuste ontvangs van die doping en bekragtiging van die Heilige Gees.

Vir ‘n jong mediese student wat later in sy lewe by honderde geboortes by moet wees, is die beste plek om te begin daar in die operasiesaal waar hy net as toeskouer kan bystaan. So kan ek en jy ook vandag as’t ware net gaan kyk, terwyl die mense wat weet hoe, bystand verleen. Ons het dit nie op video-film nie, maar wel ‘n hele aantal, 100% betroubare, woordelikse beskrywings daarvan.

Waar, vra jy? In die boek Handelinge natuurlik. Hier lees ons hoe die apostels die Evangelie na mense gebring het, en hoe die Heilige Gees mense na Jesus gebring het. En in die proses leer ons nie net hoe die boodskap aan mense oorgedra is nie, maar ook watter reaksie verwag en verkry is.

Kyk ‘n mens net na die apostels in die tydperk ná Jesus se opstanding, hoor jy

1. dat hulle bekering preek (Luk 24:47)
2. aandring dat die mense in Jesus moet glo (Mrk 16:15-16)
3. aandring dat hulle hulle moes laat doop as hulle glo (Mrk 16:16; Mat 28:19)
4. en dat hulle eie bediening nie eers kon begin voor hulle gedoop is met die Heilige Gees nie (Luk 24:49; Joh 20:22 en Hand 1:8). Dieselfde krag word aan diegene belowe wat tot bekering kom (Mrk 16:17 en Hand 2:39).

Paulus self verwys telkens na hierdie 4 elemente:

- berou en bekering - 2 Kor 7:9,10; 1 Tess 1:9
- glo - Ef 1:13
- dit word gesimboliseer en bevestig daarin dat sulke gelowiges dan gedoop is - Gal 3:26,27; Ef 5:26
- en die ontvang van die Heilige Gees - 2 Kor 1:22 en Gal 3:2.

Wat verder belangrik is, is dat hy (en die ander apostels) telkens getoets het of die gelowiges in 'n nuutgeplante gemeente, se volle geboorte korrek plaasgevind het. Daarom die vraag in Hand 19:2: "Het julle die Heilige Gees ontvang toe julle geglo het?" om so seker te maak of hulle gedoop is met die Heilige Gees. (Kyk ook na die opmerking in Heb 6:1-2 waar ons dieselfde volgorde vind!).

Natuurlik lê daar in die ware kind van die Here se lewe aan God se kant die onbeskryflike gebeure van die wedergeboorte, vergiffenis en totale kwytskelding, verlossing, regverdiging, aanneming as kind, heiliging en die belofte van lewenslange volharding tot die einde. Maar daaroor gaan ons nie nou praat nie, want God kom sy kant van die ooreenkoms altyd effektief en getrou na. Die probleme lê aan ons kant.

Ek gaan vervolgens elkeen van hierdie 4 gebeure vir jou wys en wat die Woord van God daaroor leer. Maar kom ek sê net samevattend eers die volgende hieroor:

- As ek na baie kinders van die Here se geestelike geboortes kyk, sien ek in baie gevalle babas wie se naelstring met hulle sondige verlede nog nie behoorlik geknip en afgebind is nie.
- Ander weer is nie hande opgelê om te begin asemhaal en uit te roep nie.
- Baie ander is nie skoongewas nie.
- Baie is net eenvoudig na geboorte, of kort daarna, laat staan om self te probeer oorleef.

## BEROU EN BEKERING

Stel jou die volgende prentjie voor hoe 'n Johannesburgse taxibestuurder 'n oorsese besoeker met die langste pad na die lughawe neem om meer geld uit hom te maak. Langs die pad begin sy gewete hom egter so aankla dat hy met berou die hele gevraagde bedrag aan die persoon na betaling teruggee.

Ware berou en bekering is die eerste tree in die koninkryk van God in. Daarom baat dit ons om nie te haastig hier te werk te gaan nie. Elke mens wat hiermee besig is, moet gehelp word om erns hiermee te maak, spesifiek hierin te wees, en tog nugter te bly in die hele proses.

Enigiemand wat Amos 4 en Jer 18-19 gelees het, verstaan wat berou en bekering werklik beteken.

Berou en bekering behels ‘n “verandering van gedagte”. Om weer te dink oor jou optrede en dit ‘n slag in ‘n ander lig te sien, deur God se oë te sien. Ja, om werklik die waarheid vierkantig in die oë te kyk (2 Tim 2:25,26). God is 100% heilig. En, in plaas van jouself as ‘n goeie mens te beoordeel, te besef, in vergelyking met God en Sy verwagting van jou, is selfs die beste wat jy doen, verwerplik (Jes 64:6 en Fil 3:8).

Ware berou begin daar waar ‘n mens die erns van die situasie en die realiteit van ‘n lewende God begin besef. Die Bybel praat hiervan as “vrees vir God”.

Dit beteken beslis nie net om jammer te wees oor wat jy gedoen het nie. Ware berou en bekering begin daar waar ons besef dat ons God se outoriteit vertrap het, Sy wette gebreek het, Sy skepping geruïneer het, Sy woede laat opvlam het, en gevolglik, Sy oordeel en straf, en uiteindelik, die hel verdien.

Daar gaan ‘n dag kom wat elke mens individueel voor God se regterstoel gaan verskyn en die boeke oopgemaak gaan word. Elke woord, gedagte en daad is getrou opgeteken. Die saak sal nie uitgerek of uitgestel kan word nie, want die Regter het al die feite voor Hom. Daar sal geen appél moontlik wees nie. Niemand sal “onskuldig” kan pleit nie, want aan alles wat gesê word, sal jy beslis skuldig wees.

Die straf is die verderf, die hel, waar almal wat skuldig bevind sal word, vir ewig gefolter sal word.

Al wat ons oor die hel weet is wat Jesus self vir ons daaroor vertel het. Gaan kyk maar self wat Hy daaroor volgens Matteus gesê het: Mat 7:13, 21; 10:14,15; 10:28; 18:9; 25:31e v.

Die een aspek wat Hy deurgaans beklemtoon het was die totale magteloosheid en frustrasie wat die mense daar gaan belewe, en die begeerte om diegene wat nog lewe, te waarsku teen die helse smarte wat op ongelowiges wag.

Om vir ewig sonder God te lewe, tussen totale korrupte mense sonder hoop, is werklik hel! (Kyk maar na Mat 25:30 en Luk 16:24).

Elkeen sal deur God verantwoordelik gehou word vir sy of haar optrede. Daar sal jy nie die rol kan speel van ‘n onskuldige prooi van ander nie. Daar sal al jou bitterheid, haat, selfsug en hardkoppigheid aan die lig kom.

Daarom begin ware berou en bekering gewoonlik waar die afskuwelikheid van jou spesifieke dade jou werklik voor die kop tref. Elke sonde is ernstig en is dodelik. Dit diskwalifiseer jou onmiddellik om die koninkryk van God te ontvang (1 Kor 6:9,10; Gal 5:19-21).

Wees spesifiek as jy vergiffenis vra. Vra jouself af: Hoekom wil jy ‘n Christen wees? Van watter sondes wil jy hê Jesus moet jou red? Watter geheime steek jy weg vir ander?

Hierdie sonde moet dan spesifiek met jou mond bely word (Mat 3:6).

Gaan toets jouself aan van die lyste met sondes wat die Bybel noem in Gal 5:19-21; Ef 4:17-19; 4:25-31; Rom 1:29-32, 13:13-14. Is jy skuldig aan sondes van gedagtes, woord en daad; of sondes teen God, teen ander en teen jouself? Of dalk skuldig aan sondes van nalaat of waar jy medewerker was?

Aanvaar verantwoordelikheid daarvoor sonder om dit te probeer rasionaliseer of allerlei verskonings te maak. Belydenis maak ‘n deur oop waardeur God se genade kan vloei (1 Joh 1:9).

Vertrou die Heilige Gees om jou van spesifieke sondes te oortuig. Of om, as jy iemand anders hiermee help, vir jou ‘n spesifieke woord van kennis of wysheid te gee oor die sondes waarmee daardie persoon worstel.

Pleit om vergiffenis word, volgens die Bybel, altyd aan God die Vader gerig en nie aan Jesus nie. Jesus het vir ons gesterf om ons met God die Vader te versoen. Dit is teen God die Vader wat ons gesondig het. Daarom moet ons by God die Vader om vergiffenis vra.

Nadat ons met die mond belydenis vir spesifieke sondes gedoen het, moet dit gevolg word deur “dade van berou”. En dit bestaan uit ‘n verklaring dat jy jou nie weer daaraan sal skuldig maak nie; nugter sal gaan regmaak wat jy kan; sal versoen met mense waarteen jy gesondig het; en sal reformeer deur jou toe te wy aan ‘n lewe vry van daardie bepaalde sonde.

Berou behels ook ‘n verklaring dat jy gaan wegdraai daarvandaan en dit 100% gaan los.

Met ander woorde, bekering en berou gaan dus eintlik oor ‘n groot genoeg berou om op te hou en totaal te stop met daardie dinge waarmee jy tot dusver God se hart gebreek het!

Berou en bekering beteken ook restitusie: regmaak van dinge wat jy in die verlede verkeerd gedoen het (vergelyk Luk 3:8 en sy meegaande verduideliking).

Wees nugter hierin. En daarmee bedoel ek: wees versigtig vir te veel emosie, en wees nugter in wat jy gaan doen om dinge reg te maak. Sekere dinge kan nie reggemaak word nie. In sekere gevalle moet ons baie nugter luister na

wat die Heilige Gees vir ons sê oor hoe ek sekere sondes moet gaan regmaak.

Sekere dinge is maklik:  Skuld kan agterna afbetaal word; apologie kan aangeteken word; misdade kan aan die polisie bely word.  Vir ander dinge moet die Here ons baie wysheid gee oor hoe ons dit agterna moet gaan regmaak.  Gaan kyk maar self die pad wat Saggeus daar in Luk 19:1-10 in hierdie verband moes loop.  En let daarop dat hy besef het restitusie beteken nie om nuut o te tree in die toekoms nie, maar dat dit ook beteken het dat hy eers moes regmaak waar hy verbrou het.

Hand 19:18,19 sê dat dit soms ook prakties kan uitloop op 'n spesifieke daad, soos die verbrand van 'n klomp okkultiese voorwerpe.

In werklikheid kom al hierdie dinge neer daarop dat die band met sonde in die verlede behoorlik deurgesny moet word en – soos 'n baba se naelstring - sorgvuldig afgebind moet word, sodat daar nie dalk êrens 'n stuk seer kan agterbly wat later kan ontsteek nie.

Vergiffenis begin by God.  Dit bestaan uit 'n herstel van jou verhouding met God wat as gevolg van sonde verbreek was.  Hy vergewe en vergeet.  Maar dit loop ook deur na mense wat jou moet vergewe vir sekere dade aan hulle, en wie jy 100% moet vergewe vir sekere dade aan jou.  (Vergelyk Filemon 12-14, en 19).

Dit is nie altyd maklik nie, maar ongelooflik bevredigend.  (Vergelyk ook die vader se vreugde as die verlore seun terugkom, daar in Luk 15).

Natuurlik sal 'n veranderde lewe na die tyd finaal bewys wees dat hierdie berou en bekering wat plaasgevind het, werklik van God af was en nie net oppervlakkig was nie.  Net God kan ware vergiffenis gee.  En dit gee Hy net aan mense wat in Jesus Christus glo as Here en Verlosser.  Sonder geloof in Jesus is geen vergiffenis moontlik nie.  Daarom moet die volle Evangelie aan so 'n mens met berou verkondig word, sodat berou en bekering kan lei na geloof in Jesus.

Berou en bekering is die Godgevraagde eerste tree van 'n draai na Christus as Here en Verlosser van jou lewe!

## 2.  Geloof is deel van 'n normale geestelike geboorte

Blaai saam met my weer na Hand 2:38,39 en Heb 6:1 en 2.  Die *Amplified Bible* vertaal Hand 2:38 as volg:

*“Repent (change your views and purpose to accept the will of God in your inner selves instead of rejecting it) and be baptized, every one of you, in the name of Jesus Christ for the forgiveness of and release from your sins; and you shall receive the gift of the Holy Spirit”.*

Soos reeds gesê, glo ek, bestaan die normale Christelike geboorte uit vier spesifieke gebeure aan die mens se kant. In hierdie gedeelte praat ons oor die tweede gebeurtenis wat deel is van die geboorte van so ‘n geestelike baba, naamlik geloof in Christus Jesus.

Van die vier “geestelike deure” waardeur so ‘n kind in hierdie nuwe lewe in Christus inbeweeg is hierdie ongetwyfeld die deur tussen dood en lewe. Geloof is werklik die grond en fondament, die dryfveer in elkeen van die vier gebeure in die geboorte van ‘n Christen.

- Daar kan nie sprake wees van ‘n Bybelse sondebesef, berou en bekering as iemand nie reeds glo in die sekerheid van God se oordeel en die moontlikheid van verlossing in Christus Jesus nie.
- ‘n Essensiële deel in die waterdoop is immers die kandidaat se geloof in Christus Jesus, en in God se krag om iemand wat dood en begrawe was, weer lewend te maak (Kol 2:12).
- Die doop met die Heilige Gees word ook net ontvang deur geloof (Gal 3:2).

Die hele geestelike geboorteproses is dus van kant tot kant deurspek met geloof. Geen wonder dat die eenvoudigste antwoord op die vraag *“Hoe kan ek gered word?”*

*“Glo in die Here Jesus, en jy sal gered word”* is nie (Hand 16:30-31).

Dit is egter baie belangrik dat ons vir mekaar uit die Woord van die Here moet sê wat presies bedoel ons met hierdie “glo”. Daar is soveel misverstand hieroor. Om net te sê jy glo, beteken nie dat jy outomaties glo soos die Bybel sê nie. Bybelse geloof is geloof wat ge-hê moet word, gesê word, gedoen word, en tot die einde vasgehou word!

Ek wil graag 5 aspekte van Bybelse saligmakende geloof aan die mens se kant beklemtoon:

1. Geloof is gebou op historiese feite
2. Geloof is persoonlik
3. Geloof moet uitgesê word

4. Geloof moet gelewe word
5. Geloof volhard

## 2.1 Geloof is gebou op historiese feite

Geloof is gebaseer op feite en nie gevoel nie. Omdat daardie feite waar is, is geloof geldig. Daarom is dit loutere snert om te sê "Dit is beter as iemand darem in iets glo as wat hy in niks glo nie." Geloof wat nie gebou is op ware feite nie, is ‘n seepbel!

Die hart van die Bybel is nie die een of ander filosofie nie, maar wonderlike, waar, historiese feite wat getoets kan word deur enigiemand wat die moeite wil doen.

Die Bybel handel oor die geskiedenis van die wêreld. Dit vertel van sy begin en van sy einde. ‘n Magdom mense is dwarsdeur die Bybel aan die woord. Deur die werking van die Gees van God word hulle spreekbuise waardeur God iets van Homself aan ons openbaar. So leer ken ons die lewende God wat beide die Skepper aan die begin is en die Regter wat die laaste woord aan die einde gaan hê. In die Bybel wys hierdie God vir ons iets van Sy gesig en Sy hart.

Dit het baie belangrik geword om vir mense te sê dat God bestaan en dat Hy ‘n goeie God is (Hand 14:15-17; 17:22-31 en Heb 11:6).

Hierdie God het letterlik baie dramaties in ons geskiedenis ingegryp om die rebellerende mensdom te verlos. Hiervan getuig ons jaartelling selfs: Van ‘n tyd voor hierdie gebeurtenis - voor Christus se koms - en die jare daarna - na Christus se koms.

Geloof kry oë om raak te sien hoe hierdie God Sy hand van genade na al die nasies van die wêreld uitsteek deur een nasie - die Jode - en na alle individue deur een individu, ‘n Jood met die naam Jesus (Hand 4:12).

In die hart van hierdie kritiese gebeure staan ‘n kruis en ‘n oop graf (1 Kor 15:3-4).

Geloof is om te aanvaar dat hierdie gebeure plaasgevind het, en te vertrou op die betekenis daarvan vir jou lewe.

Die gang van hierdie wêreld is nie uitgelewer aan toeval of ‘n klomp onpersoonlike magte nie. Omdat ‘n lewende, persoonlike God in beheer is, word die gang van die wêreld bepaal deur persoonlik keuses en morele beslissings.

G'n wonder die Bybel praat van die koms van Christus na hierdie wêreld om Verlosser en Koning te wees as "die koninkryk van God" wat letterlik in hierdie wêreld ingebreek het en dag vir dag aan die kom is nie (Ps 103:19; Hand 8:12).

## 2.2 Geloof is persoonlik

'n Mens moet egter nie die belydenis van sekere historiese waarhede verwar met ware geloof nie. Geloof is immers nie om intellektueel 'n klompie feite agterna te sê. Geloof is ook nie om te sê "Ek glo hierdie feite is waar" nie. Geloof is om te sê: "Hierdie dinge is waar vir my lewe".

Geloof is dus nie net om te glo dat Jesus Christus Verlosser is van die wêreld nie. Geloof is om te glo Hy is ook jou persoonlike Verlosser.

Geloof is nie net om te glo dat Jesus gesterf en opgestaan het nie. Geloof is om te glo in Jesus wat gesterf en opgestaan het. Sien, dan verskuif geloof van die verstand na die hart.

Dit is waarvan die Spreukeskrywer in Spr 4:23 skryf. Die "hart" is dus daar waar ons wil en emosies is, wat ons persoonlikheid en optredes bepaal, gerig en gekleur word.

Daarom is die hart van 'n persoonlike geloof "vertroue", om met jou lewe vas te hou, en net daaraan vas te hou.

Deel van persoonlike geloof is daarom gehoorsame aksie. Die woorde van Maria aan die diensknegte daar by Kana was: "Wat Hy ook al vir julle sê, moet julle doen" (Joh 2:5). Dit illustreer die hart van hierdie gehoorsaamheid. Kom ons sê dit teologies: Jesus is nie net Verlosser van my lewe nie. Hy is ook my Here, wat ek werklik vertrou, en daarom nie huiwer om te doen wat Hy sê nie.

Maar geloof is ook nie weer net gehoorsaamheid aan 'n klomp onpersoonlike wette nie. Dit is eerder gehoorsaamheid wat spruit uit 'n persoonlike liefdesverhouding met 'n Jesus wat jy "ken" ...

## 2.3 Geloof moet uitgesê word

En nou bedoel ek nie dit wat in party oorde in die vernuwingswêreld gesê word onder "Name it, claim it!" nie. Ek praat hier oor 'n positiewe belydenis van dit wat die Woord van God sê, en wat jy begin glo vir jou lewe.

Die Nuwe Testament leer dat geloof in woorde uitgesê moet word. Luister 'n bietjie hierna:

- Kyk net wat leer Hand 2:21 ons oor die gebruik van die “Naam van Jesus”. Om Jesus hardop by die Naam aan te roep is om te toon jy glo Hy lewe en Hy is by jou. Dit gaan dus nie net om ‘n blote gebruik of herhaling van Sy Naam asof dit magiese krag sou hê nie.

- Rom 10:9-10 leer ons dat ons belydenis voor mense altyd in die eerste plek aan Jesus gerig is. Dit gaan oor ‘n hardop-uitsê van jou vertroue in Hom en ‘n aanroep van Sy Naam omdat jy weet Hy is by jou. Dit is tog wat vers 11 tot 13 beaam. Natuurlik sal dit dan ook gevolg word deur ‘n belydenis aan ander. Vergelyk maar Jesus se eie woorde daar in Mrk 8:38 en dit wat Paulus in 2 Tim 2:11-13 sê.

## 2.4 Geloof moet gelewe word

- Ef 2:8-10 – Ons glo dat God ons genadig wil wees in Jesus Christus. Maar die hart van geloof is om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het! Geloof is dus ook dade van liefde!

- Jak 2:14 e v leer ons geloof is aksie. Geloof in aksie red.

- In Heb 11 vind ons voorbeelde van geloof in aksie. Maar dit is ook aangrypend om te ontdek dat hierdie gelowiges waarvan Heb 11 praat ouens is wat vir ons wag, volgens vers 40. Daarom volg hoofstuk 12 se oproep dat ons sal volhard op hierdie selfde geloofspad wat hulle geloop het.

## 2.5 Geloof volhard

- Luister maar net wat die volgende gedeeltes daaroor sê: Heb 12:1-12; Heb 10:19-25; Heb 10:32-39.

- Joh 20:31 beaam dit deur te sê: Hou aan glo, dag vir dag.

- 2 Kor 13:5 sê: Ondersoek julleself, want ware geloof is geloof wat aanhou en aanhou. Geloofswandel is ‘n dag vir dag, tree vir tree, wandeling saam met Jesus. Vorentoe ...

- En onthou gerus wat in Heb 13:5b en 6 staan.

- Asook dit wat Joh 10:28 en Rom 8:31, 35-37 vir ons leer.

Stap dan die volgende tree die water in ... maar daaroor in die volgende gedeelte verder.

## 3. Om gedoop te word …

Die meeste van ons kom uit 'n geloofstradisie waar, as ons oor die doop gesels het, ons met allerlei teologiese argumente daaroor moes gesels. Sien, ons was eerlik genoeg om teenoor mekaar en ander te erken dat daar nie een teksvers in die hele Bybel is wat ons kan gebruik om die suigelingdoop-tradisie kant-en-klaar te bewys nie.

Daarom het ons gewoonlik die hele suigelingdoop-kwessie van die verbondskant af benader. So het ons dan uitgekom by die hele saak van die fisiese besnydenis. En as ons daar was, het ons Kol 2:11 en 12 vir mekaar aangehaal as die Skrifbewys dat die doop in die plek van die fisiese besnydenis ingestel is.

Daarom, was ons argument verder, omdat babas van 8 dae oud besny is en so deel gekry het aan die Ou Verbond met al sy wonderlike beloftes, glo ons ook, dat babas van gelowige ouers ook onder die Nuwe Verbond gedoop mag word, en deel mag kry aan al God se wonderlike beloftes.

Kom ek ons sê sommer hier aan die begin: Dat God 'n Verbondsgod van die begin af was en is en sal bly tot die einde, aanvaar ek 100%. God het in sy genade gekies om op so 'n besondere wyse besig te wees met mense. Die God van die Bybel wil die God wees van gelowiges en hulle kinders. Sy beloftes is altyd vir gelowiges en hulle kinders. Daarmee het ek geen probleme nie.

My probleme begin as mense op grond van hierdie wonderlike verbondsleer (op grond van die interpretasie van een Bybelteks, Kol 2:11 en 12) die doop met sy ongelooflike betekenis, ook aan suigelinge of babas wil bedien.

Ek is oortuig, soos miljoene ander gelowiges dwarsoor die wêreld, dat Kol 2:11 en 12 nie leer dat die doop in die plek van die fisiese besnydenis gekom het nie. Daar staan immers dat die doop teken is van "die besnydenis van die hart" of van die wedergeboorte, as jy wil. Hierdie uitdrukking praat dus in werklikheid oor God se herskeppingswerk in mense se lewens - waarvan Jesus met Nikodemus in Joh 3gepraat het.

En omdat dit God se werk is wat Hy daar doen - waar niemand dit kan sien nie - kan ons dit eers herken in mense se lewens as ons die vrug daarvan sien.

Hierdie besnydenis van die hart, of wedergeboorte, sal aan die lig kom - het Jesus reeds daar in Joh 3:16 e v gesê - waar mense in die geloof Jesus Christus as Verlosser en Here van hierdie wêreld aanvaar en bely.

Dit beteken dus dat ons net mense kan doop oor wie ons seker is dat die wedergeboorte in hulle lewens plaasgevind het.  Dit is dus net mense wat met hulle hart glo dat Jesus Christus hulle persoonlike Verlosser en Here is, en dit met hulle mond dit bely.

In Mat 28:19 en 20 gee Jesus sy dissipels opdrag om elke mens wat dissipel van Jesus geword het - deur sondeberou, belydenis, bekering en geloof in Christus - te doop en dan te leer om alles te onderhou wat Hy vir hulle geleer het.

In die Grieks staan daar letterlik ‘n werkwoord wat ‘n mens ook kon vertaal as “dissipel mense”.  Hierdie werkwoord word verder aangevul deur 2 ander deelwoorde “doop hulle” en “leer hulle”.

Soos wat die dissipels reeds, in opdrag van Jesus, in sy bediening mense gedoop het wat gekies het om Jesus in die geloof te volg as sy dissipels ( Joh 4:2) moes hulle voortgaan om dit te doen.

Verder staan hier in Mat 28 ook letterlik in die Grieks “doop hulle ...”eis to onoma".  Vir dié uitdrukking in die Grieks het ons eintlik geen ekwivalent in Afrikaans nie.  Die agtergrond van hierdie uitdrukking is ‘n seremonie waar elke soldaat in die Romeinse leër ‘n eed teenoor die Romeinse keiser moes aflê.  Met daardie eed het hy van sy kop tot sy toontjie keiser-besit geword. Alles, selfs sy lewe, het van nou af net aan die keiser behoort.  Elke soldaat het as’t ware sy eie identiteit prysgegee en daarmee sy eie naam.  En hy het ‘n nuwe naam gekry: “soldaat vir die keiser ...”

So verloor elke dopeling as’t ware sy eie identiteit en naam met sy doop.  En kry elkeen van ons ‘n nuwe naam: dissipel van Jesus Christus, Christen.  So sal die gemeente, maar ook die gemeenskap, hom of haar voortaan ken.

By ons doop plaas hy of sy alles op die altaar.  Van nou af is Jesus al waarvoor hulle lewe.

In die boek Handelinge lees ons hoe die apostels hierdie opdrag stiptelik gehoorsaam het deur elkeen wat tot geloof gekom het, Jode - wat reeds fisies besny was - en heidene, te doop.

Kom ons gaan in die lig hiervan verder deur weer by ‘n aantal geestelike geboortes te gaan bystaan in die boek Handelinge.  Om op grond van hierdie Bybelgedeeltes te sien hoe die apostels mense gedoop het net omdat hulle gelowiges was.  Op grond van hierdie, kom ons noem hulle, “doopkandidate” se belydenis met die mond, en die getuienis van God in die lewens van daardie mense, was die apostels oortuig dat hulle geglo het in Jesus Christus as Verlosser en Here, en het hulle die vrymoedigheid gehad om hulle te doop.

- Hand 2:38,39 - Die *Amplified Bible* vertaal Hand 2:38 as volg: *"Repent (change your views and purpose to accept the will of God in your inner selves instead of rejecting it) and be baptized, every one of you, in the name of Jesus Christ for the forgiveness of and release from your sins; and you shall receive the gift of the Holy Spirit"*.

- Kyk 'n mens na vers 40 en 41 van Hand 2, sien jy daar staan: *"...Then those who gladly received his word were baptized ..."* Sommer daardie selfde dag! Elkeen wat die woord met blydskap in die geloof aanvaar het.

- Hand 8:12 e v - Elkeen wat Fillippus se woord gehoor het en geglo het, is gedoop.

- Hand 8:35-37 - In 'n hele aantal Griekse tekste verskyn hier 'n byvoeging in vers 37 wat so vroeg as die jare 210 n C voorkom staan. Ek lees uit die *New King James Version*- *"Then Philip said: If you believe with all your heart, you may." And he answered and said: "I believe that Jesus Christ is the Son of God."* Wat dit ten minste bevestig is dat hierdie belydenis die belydenis was wat die vroeg-Christelike Kerk verwag het van doopkandidate voordat hulle tot die doop toegelaat is. Wat verder belangrik is om raak te sien, is dat die persoon in die water ingeneem is. Heel waarskynlik was dit in 'n tipiese woestyn-"wadi", wat tydens die reënseisoen in die woestyngebied in daardie omgewing afgekom het.

- Hand 10:44-48; 11:11-18; 15:7-11: Interessant, dit is die enigste geleentheid - behalwe in Paulus se eie lewe, waar mense gedoop is met die Heilige Gees voordat hulle fisies in water gedoop is. Maar in die volgende gedeelte meer hieroor. Wat vir ons van belang is, is dat die apostels aanvaar het, omdat God hierdie mense gedoop het met Sy Gees, dat hierdie mense gelowiges is en daarom gedoop mag word. Twee dinge is belangrik as ons na die betrokke doopgeleentheid kyk: 1. Petrus het hulle nie self gedoop nie, maar wel sy helpers - soos ons ook lees Jesus, Johannes, en later, Paulus gedoen het. (Om daarmee te verhoed dat die fokus dalk sou val op die man wat doop). 2. Almal wat gedoop is was mense in wie se lewens die duidelike bewyse was dat hulle gedoop is met die Heilige Gees. (Kyk maar hoe beskryf Hand 15:8-11 hulle!).

- Hand 11:14; 16:15, 31; 18:8; en 1 Kor 1:16 - In hierdie bekende Skrifgedeeltes is daar sprake van hele huisgesinne wat gedoop is. Ek wil nie te veel hieroor sê nie. Net dit: Vanuit sekere teologiese argumente kom baie Gereformeerde teoloë tot die gevolgtrekking dat

hier ook babas by kon wees. Wat hierdie begrip “huisgesin” of “familie” in die Grieks eerder wil aandui is dat dit almal in daardie huis ingesluit het, ma, pa, ouma, oupa, selfs die slawe wat daar by hulle gewerk het. Maar kom ons sê dadelik ook vir mekaar dat wie ook al deel was van hierdie “huisgesinne” was mense wat die Evangeliewoord gehoor het en in die geloof daarop gereageer het.

Ek wil graag verder 4 vrae rondom die Christelike doop hier probeer beantwoord:

1. Waar het dit ontstaan?
2. Hoe is mense gedoop?
3. Waarom is mense gedoop?
4. Wanneer is mense gedoop?

## 3.1 Waar het dit ontstaan?

Dwarsdeur die wêreld is allerlei verwante seremonies waar mense so ‘n simboliese wassing ondergaan het - sy dit by ‘n bad voor die huwelik, tot by die hande-was-aksie van dokters voor elke pasiënt.

Maar waar kom die Christelike doop spesifiek vandaan?

Ons hoef nie baie verder te soek as die Ou Testamentiese Joodse wortels hiervan nie. Daar lees ons van ‘n rituele was-aksie wat die priester by die tabernakel, en later in die tempel, uitgevoer het. So lees ons ook van ‘n was met “skoon water” in Eseg 36:25.

Dit is duidelik dat die Vroeg-Christelike kerk werklik eers heelwat later gaan nadink het oor die betekenis van hierdie doop. En dit was veral Paulus wat dit byvoorbeeld daar in Rom 6 in woorde gaan oorsê het. Tog het die metode deurgaans dieselfde gebly.

Baie mense wil die Christelike doop teruglei na die sogenoemde “proseliete doop”, maar dit is onwaarskynlik in die lig van die volgende: die betrokke vorm van doop het ook met besnydenis gepaard gegaan; en dit was spesifiek gerig op die verwydering van alle kulturele blokkasies.

Miskien kom ons nader aan die waarheid as ons eerder gaan kyk na die doop wat Johannes aan mense bedien het. Mrk 1:4,5,8,9-11 is ‘n goeie Skrifgedeelte om in die verband te bestudeer. Hier het ons te make met ‘n doop wat direk betrekking gehad het op die sonde en bekering van mense. Dit is duidelik dat Johannes die aksie van onderdompeling verstaan het as ‘n

versinnebeelding van die sondebelydenis en bekering van daardie mense, asook die versekering van sondevergifnis. (Vergelyk Mat 3:11en Luk 3:3).

Kyk ‘n mens na gedeeltes soos Joh 4:2 en Mat 28:19 is dit duidelik dat die hele doopseremonie ook die element het van “inlywing” en die openbare toesegging van God se beloftes aan hierdie gelowige mense was. Sodat almal in die gemeente, en dus ook die gemeenskap, voortaan kan weet dat hy of sy nou deel van die gemeente van Jesus Christus was.

Ef 5:26 is ‘n interessante vers wat direk verband hou met die doop. As jy ‘n Nuwe Afrikaanse vertaling het, blaai gou na die Woordelys agterin, en spesifiek na die woord “water” waar daar ‘n uitleg van hierdie vers gegee word.

Dit sal jou totaal verras wat Gereformeerde teoloë oor hierdie vers geskryf het! Hier staan: “Water, letterlik die waterbad, verwys hier na die doop. Die bedoeling is nie dat die doop as sodanig ‘n reiniging van sondes bewerkstellig nie, (daaroor sal ek netnou nog ‘n opmerking maak) maar **dit dien as teken of sakrament van reiniging wat volg op die geloof in die Woord**. Daarom is hier ook sprake van reiniging deur die water en die woord.”

Die versoeking is groot om te sê: “Amen! I rest my case!”

## 3.2 Hoe is mense gedoop?

Dit is gou duidelik vir enigiemand wat sonder subjektiewe voorveronderstellings die betrokke gedeeltes lees, dat die Nuwe Testamentiese doop bedien is deur mense heeltemal onder die water te dompel. So vind ons Johannes waar hy letterlik in die Jordaanrivier staan (Joh 3:23). En Fillippus wat die Etiopiër “af in die water” ingeneem het - Hand 8:38.

Baie mense kap hierteen as hulle dan vra: Maar was daar ooit genoeg water in Jerusalem om 3000 mense tegelykertyd te doop? Maar hulle vergeet blykbaar van die baddens van Betesda en Siloam, aan die een kant, maar ook die doodgewoon logiese verklaring dat die Bybel nie sê dat al 3000 tegelykertyd in die water was nie!

Die Griekse woord “baptizein” dui op onderdompeling. Dit is dieselfde woord wat gebruik is om aan te dui dat ‘n skip sink, of as ‘n koppie in ‘n vat wyn gesit word, of ‘n stuk klere in ‘n vat kleurstof gesit is om te kleur.

Vir eeue was hieroor geen verskil in die kerk dwarsoor die wêreld nie. In die Grieks Ortodokse Kerk het hulle selfs later babas tot drie keer onderdompel!

As Johannes “die Doper” genoem is deur die mense was dit nie eintlik as ‘n eretitel bedoel nie. Dit was eerder as ‘n skelnaam bedoel wat ‘n mens in Engels as “John the Dipper” sou kon vertaal. Miskien sou “Johannes die Verdrinker” ‘n goeie byderwetse vertaling daarvan wees!

Saam met die doop in baie water is daar ook woorde geuiter.

- By Johannes se doop moes die gedoopte sy sonde by die naam bely.
- As die apostels gedoop het moes die gedoopte die Naam van Jesus bely.
- En in gehoorsaamheid aan die Woord is mense ook gedoop in die Naam - Hand 19:5 - of Naam van die Drie-enige God (Mat 28:19,20).

### 3.3 Waarom is mense gedoop?

Die twee redes waarom Johannes mense gedoop het is oorgedra in die Christelike doop. Kyk maar na Hand 2:39. Hierby is ‘n nuwe aksent na die dood, begrafnis en opstanding van Jesus bygesit:

- Doop is die bad vir die wat vuil is: Hand 22:16, Ef 5:26 en Heb 10:22. Dit is daar om sondes weg te was. Volgens 1 Pet 3:21 is dit ‘n skoonmaakproses wat innerlik plaasvind eerder as uiterlik, van die gewete eerder as die liggaam.
- Doop is die begrafnis vir mense wat dood is: Kol 2:9-12. Die belangrike voorspel voor die doop is om die ou vlees uit te trek om dan, soos Jesus, saam met Hom gekruisig te word. Of in ander terme “om besny te word” in die hart of gees.
- En om volgens Rom 6:4; Kol 2:12; en 1 Pet 3:21 dan letterlik in die water begrawe te word. Dit was dan die direkte skakel tussen die gelowige se dood-wees vir sy ou lewe, en sy opstanding na ‘n nuwe lewe.
- Maar dit is dan ook ‘n opstaan en uitstap in ‘n nuwe lewe, 100% toegewy aan Jesus Christus as jou Here en Verlosser deur die genadewerking van die Gees van God in jou lewe.

Wat verder belangrik is om in die Nuwe Testament raak te sien is dat, as daar oor die doop gepraat word, daar nie net simbolies daaroor gepraat word nie. Dit is byvoorbeeld nie net soos ‘n bad nie, dit is ‘n bad. Die teken is dus in ‘n baie konkrete sin betrokke by wat dit teken.

Wat verder belangrik is om raak te sien in die doop, is God wat direk aan die werk is in die doop. Eintlik is dit baie opvallend dat die klem in die doop nie op die mens val nie, maar eerder op God wat werk. Om dit dan ook net as 'n daad van gehoorsaamheid of 'n getuienis te sien, is om 'n baie belangrike ander aspek daarvan totaal mis te kyk.

Dit is 'n kanaal waardeur God se genade die mens se deel word. Dit is waarom die Bybel altyd in die passiewe vorm oor die doop praat byvoorbeeld in Rom 6:3 en 4.

Dit is so 'n belangrike waarheid vir die Nuwe Testamentskrywers dat hulle nie huiwer om die woord "red" in verband met die doop te gebruik nie. Kyk maar net na Mrk 16:16; Hand 2:40-41; 1 Pet 3:21. Ook Tit 3:5 verwys hierna as hy praat van *"die bad van wedergeboorte"* waar 'n persoon gebore word uit of in water (Joh 3:5).

Kyk 'n mens na 1 Pet 3:21, sien Petrus in die gebeure rondom die vloed 'n tipe van die Christelike doop, waardeur hy en ander gedooptes van hulle sondige omgewing geskei word deur water.

En in 1 Kor 10:1-2 weer sien Paulus die trek deur die Rooi See as 'n tipe van die "doop". Die uittrek uit Egipte, die land van Farao, was ook 'n trek na Kanaän. Vanuit 'n lewe waar Satan die heerskappy oor ons gehad het en sonde daarom oor ons geheers het, (Rom 6:11-14) het ons nou erfgename geword van 'n nuwe lewe. Dit is dus baie beslis 'n sakrament wat aandui dat ons breek met ons verlede en dat ons 'n nuwe begin maak. Maar ook aandui dat dit 'n inbeweeg in 'n nuwe lewe van oorvloed, van melk en heuning is.

Kom ons sê dadelik vir mekaar dat dit nie alles bloot in die uiterlike doopaksie opgesluit lê nie. Alleen as sekere geestelike voorwaardes geldig is, is hierdie dinge waar oor die doop. Die water as sodanig, kan niks anders doen as om mense se vuil uiterlik af te was nie. Maar deur die krag en genade van God, deur die werking van Sy Gees, in reaksie op die mens se sondebelydenis en geloof, kry hierdie fisiese aksie sy geestelike betekenis.

## 3.4 Wanneer is mense gedoop?

Die antwoord is baie eenvoudig: Sodra hulle ander gelowiges kon oortuig dat hulle werklik berou oor hulle sondes gehad het en geglo het. Van die belangrike Skrifgedeeltes hieroor is die volgende:

- Hand 10:48; 16:33 - Daarom kon dit op dieselfde dag plaasgevind het wat hulle vir die eerste keer die Evangelie gehoor het.

- Hand 8:13 - Natuurlik is menslike oordeel hier betrokke en kan daar soms foute gemaak word. Maar soos verse 18-23 aandui, is dit dadelik herstel sodra dit ontdek is.
- Hand 26:20 - Wat verder van belang is, is dat daar eerder op bewyse gelet is eerder as op belydenis.
- Hand 19:4-5 - Waar sondebelydenis al voorwaarde was vir die doop van Johannes, het die Christelike doop geloof in Christus Jesus as Verlosser en Here vereis. Sonder hierdie geloof is die doop oneffektief vir die mens en onaanvaarbaar vir God.
- 2 Pet 3:21 - Daarom is dit van belang dat die doop 'n vrywillige stap is deur gelowige mense. Hand 2:38 bevestig dit met die woordjie "elkeen". Dit verduidelik ook waarom die uitsonderlike vorm van die werkwoord (middle voice) gebruik word in byvoorbeeld Hand 22:16. Die aktiewe vorm sou beteken : doop jouself. Die passief sou beteken "word gedoop". Terwyl die middelvorm dui op "kry jouself gedoop", bedoelende deur iemand anders. Wanneer dit gedoen moet word, moet jy egter self oor besluit.

## DIE GEREFORMEERDE LEER OOR DIE DOOP VAN SUIGELINGE

Hier verwys ek spesifiek na waar die Gereformeerde kerke klein kinders wat nog glad nie sonde kan bely of kan glo nie – in die meeste gevalle terwyl hulle nog babas is – dan die teken van die doop bedien.

Dit is belangrik om op te merk dat die doop van babas gewoonlik op teologiese gronde verdedig word eerder as op Skrifgronde. Die meeste Nuwe Testamentici sal saamstem dat daar nêrens in die Nuwe Testament verwys word na die doop van 'n baba nie. Baie van hulle verklaar dit deur te sê dat ons daar te make het met 'n sendingsituasie waar die eerste geslag Christene almal volwassenes was. Tog is dit onhoudbaar om aan te neem dat hulle nie ook kinders en kleinkinders in hulle gesinne gehad het nie. En tog swyg die Woord soos die graf daaroor dat babas ooit "gedoop" is.

Kyk 'n mens spesifiek na 'n aantal teksgedeeltes in dié verband, kan die volgende hieroor opgemerk word:

- Hand 2:41 - Wat hier van belang is, is dat daar elke keer vermeld word dat die wat gedoop is, dié was wat die Woord gehoor het.
- Hand 2:39 - Die belofte van die gawe van die Heilige Gees word ook aan die nageslag gemaak - maar dan aan die wat "geroep" is. Wat dus

die goddelike roeping ontvang deur die verkondiging van die Evangelie aan hulle en dan daarop gereageer het.

- 1 Kor 7:14 - Hierdie teks verklaar dat kinders “heilig” is. Maar so ook is die ongelowige eggenoot “heilig” en hy is immers nooit gedoop nie! “Heilig” in hierdie konteks moet dus in hier in die verband van die huwelik verstaan word en het dus niks met doop te make nie!
- Ef 6:1 en Kol 3:20 - As kinders hier aangespreek word is hulle duidelik oud genoeg om hulle morele verantwoordelikheid te aanvaar.

Ek meen dit is baie duidelik - as ‘n mens na hierdie taal van die Nuwe Testament oor die doop luister - dat jy besef dat klein suigelinge of babas nie gedoop kan word met die Bybelse doop nie. Daarom kan ons dus sê dat elkeen wat op die wyse “gedoop is” as baba nie die Bybelse doop ontvang het nie, maar in werklikheid ‘n soort inseëningspraktyk beleef het waarvoor die verkeerde teken gebruik is.

## WAT DIE DOOP NIE KAN DOEN NIE

Die doop dui dus op die einde van ‘n ou lewe en die begin van ‘n nuwe lewe, die dood en begrafnis van ‘n sondaar, en die opstanding van ‘n nuwe mens in Christus. Dit is ‘n bad wat nie net ‘n nuwe begin in die lewe voorstel nie, maar ‘n nuwe lewe gee om mee te begin!

Natuurlik waarborg dit nie ‘n nuwe lewe wat vir altyd sonder sonde gaan bly nie. Nee, daarna hoef ons maar net ons voete gereeld te laat was - Joh 13:10.

Ons doop hanteer dus ons verlede, nie ons toekoms nie. Daar is nog iets nodig vir die toekoms - nog ‘n doop met vuur, ‘n salwing of toerusting met krag uit die hoogte. Johannes het hierna verwys toe hy Jesus aangedui het as die Een wat ons sou kom doop met die Heilige Gees - Joh 1:33.

Ons het al twee hierdie dope nodig: Een deur medeChristene, en die ander van Christus self. In die een ontvang ons die gawe van die Seun van God in sy dood, begrafnis, en opstanding. In die ander ontvang ons die gawe van die Gees van God in sy krag en heiligheid.

Kyk ‘n mens na Eks 29:4,7 en Lev 8:6,12, sien jy hoe die Levitiese priesters in die Ou Verbond aan God geheilig en bekragtig is deur die was in water, en dan gesalf is met olie.

In die nuwe verbond is ons almal priesters en het ons ook hierdie tweeledige doping nodig:  ‘n Doop-was in water, en doop-salwing met olie.  Maar oor hierdie salwing met die Gees later meer.

## 4.  Die doop met die Heilige Gees …

Wat daar in die begin van die Christelike kerk so ‘n eenvoudige pad was, het as gevolg van soveel verwarrende leringe hieroor dwarsdeur die ganse kerk van Jesus Christus, niks anders as ‘n stekerige turksvy geword nie.  Daar in die begin was dit doodeenvoudig:  Net na die waterdoop van ‘n gelowige, het iemand uit die gemeente - wat al self die doop/salwing van die Gees ontvang het - vir hom/haar die hande opgelê in gebed en God het daardie gelowige gedoop of gesalf met Sy Gees.  En dan was daar tekens soos spreek in tale, lofprysing en profesie, wat dan bloot bevestig het dat God in hierdie mens se lewe besig was.

Maar luister net na die verwarrende geluide vandag hieroor:

- Die meer liberale stroom kerke ontken dat dit nodig is vir ons om gedoop te word met die Heilige Gees.  Hy is reeds in die kerk en in die wêreld werksaam, sê hulle (en somtyds selfs meer in die wêreld as in die kerk!)

- Terwyl die meer evangeliese stroom kerke sê hulle glo nie aan nog ‘n doping met die Heilige Gees nie, want elkeen wat in Jesus Christus glo, het reeds die Heilige Gees in hom of haar.

- Luister jy na die reeks “sakrament-kerke” sal die meeste van hulle vir jou laat verstaan dat daardie mense reeds by die suigelingdoop of by die doop as sodanig die Heilige Gees ontvang het.

Daarom lyk dit vir my noodsaaklik dat ons maar weereens doodgewoon die Skrif gaan na-stap, en vir onsself sal seker maak wat hier staan.  En dan opstaan in die geloof en in gehoorsaamheid aan die Here sê:  Here, ek glo dit is ook vir my bedoel.  Ek begeer dit.  Gee dit ook vir my!

Onthou:  God is getrou aan Sy woord.  Ook Sy woord in Mrk 11:24...  Dit beteken dat as ons daarvoor vra, sal dit gebeur.  Miskien sien ons dit nie altyd dadelik gebeur nie.  Maar dit sal die een of ander tyd gebeur soos die Skrif sê.  (Bel my net as dit later gebeur!)

Daar is natuurlik ook die element waarvan Luk 11:9-13 praat:  Om aan te hou vra totdat dit volledig gebeur het.

En as dit dan nie gou volledig gebeur nie, maak net seker of jy die vorige Bybelse stappe gehoorsaam gevolg het, naamlik:

1. Was daar werklik spesifieke en deeglike sondebelydenis en bekering aan die begin van jou geestelike geboorte? Baie mense was byvoorbeeld voorheen betrokke by allerlei okkultiese bedrywighede wat eers bely moet word.

2. Maak seker of jy werklik Jesus Christus as Verlosser en Here in die geloof aanvaar het. Was dit jou persoonlike belydenis of bloot 'n nasê van historiese feite? Het jy dit uitgesê? Kan mense dit in jou lewe sien? Is daar 'n vasbyt in geloof in jou lewe?

3. En dan: Is jy gedoop?

4. Dit bring 'n mens dan by die vierde element van 'n normale Christelike geboorte: naamlik die ontvang van die doop met die Heilige Gees.

Ek wil hieroor op 'n baie bemoedigende noot begin: Die meeste van ons het werklik 'n geloofspad met die Here Jesus tot hier in ons lewe geloop. Ons het die Evangelie gehoor, daarop gereageer in sondebelydenis en bekering, en ons het Jesus Christus in die geloof persoonlik aanvaar. Maar die meeste van ons is nog nie Bybels gedoop nie. Daarom het ek daaroor met jou gepraat en praat ek nou met jou oor dit wat volgens die Bybelse getuienis gewoonlik gepaard gegaan het met die waterdoop, naamlik die doop met die Heilige Gees.

Daarmee maak ek nie af wat die Heilige Gees oor die jare reeds in jou lewe gedoen het nie. Wat in jou lewe tot hier gebeur het was die werk van die Heilige Gees. Hy was heelpad by jou, of jy dit nou besef het of nie. Hy is ewe min vir jou 'n vreemdeling as wat Hy 'n vreemdeling vir die dissipels voor Pinksterdag was. Jy kon daarom selfs - soos die dissipels voor Pinksterdag - teenoor ander mense getuig oor Jesus, en selfs miskien gebruik word om 'n wonder te doen.

Maar ek sou jou 'n ongelooflike onguns aandoen as ek nie vir jou sê daar is meer nie!

- Daar is 'n duidelike verskil tussen 'n Christen voor Pinkster en 'n gedoopte, Geesvervulde Christen na Pinkster.
- Daar is 'n lewende, persoonlike verhouding met die Derde Persoon van die Drie-eenheid moontlik, soos met die ander Twee Persone.

- En dit sluit ‘n bewus-wees in van die oorvloedige lewe en bonatuurlike krag wat tot jou beskikking is na jou doop met die Heilige Gees. Hand 4:13 en 31 en Heb 2:4 sal ook waar word in jou bediening.
- “Ontvangs van die Heilige Gees” is dus nie ‘n statiese iets wat net gebeur en dan dit is afgehandel nie. Daar sit ‘n stuk dinamiek daarin: God begin beweeg en hou aan met beweeg en werk in en deur jou (Gal 3:2 en 5).

Baie mense kan hiervan getuig. Dit is gewoonlik ook die begin van ‘n nuwe styl van bediening in so ‘n mens se hele Christenwees. J ou gebed en aanbidding sal die tekens daarvan dra. Mense sal die verskil in jou agterkom in jou bediening tydens siekte en bemoediging. God sal jou beter en meer kan gebruik in die prediking maar ook in die oordrag van profetiese woorde aan ander.

Die grootste verskil sal egter in jou eie persoonlike lewe merkbaar wees. Jy sal heel waarskynlik ‘n eie hemelse taal hê om God mee te loof en te aanbid in jou persoonlike binnekamer om jouself geestelik mee op te bou.

Wat word dus bedoel as ons praat van die “ontvang van ...” of “doping met die Heilige Gees”?

- Hiermee verwys ons na iets soortgelyks as dit wat in Num 11:25 gebeur het, en wat in 1 Sam 10:6 beskryf word in die Ou Testament.
- Hierdie begrip kom uit die Ou Testament wanneer konings of priesters met olie gesalf is.
- Olie is dwarsdeur die Bybel simbool van die Heilige Gees. Daarom, as Ps 2:2 verwys na die Messias as die “Gesalfde”, was dit duidelik dat Hy gesalf sou wees met die Heilige Gees soos Jes 61:1 dan ook voorspel.
- Die woord “Christus” se betekenis is eintlik “die Gesalfde Een”. As die volgelinge van Jesus Christus dan later “Christene” genoem word, beteken dit, behalwe “mense wat aan Christus behoort”, ook “gesalfdes”.
- Christus is immers die Een wat ons sal doop/salf met Sy Gees - Mat 3:11. Immanuel noem Jes 7:14 Hom, God by ons. Die engel het vir Josef gesê (Mat 1:20) dat Hy in Maria verwek is deur die Heilige Gees. In Luk 2:40 lees ons in die *New King James*-Vertaling*: “And the Child grew and became strong in spirit, filled with wisdom; and the grace of God was upon Him.”*

- En dan op 'n dag byna dertig jaar later, verskyn Hy in die openbaar daar by die Jordaanrivier, halflyf in die water, om deur Johannes die Doper gedoop te word, "want" het Hy gesê, *"op hierdie manier moet ons aan die wil van God voldoen"* (Mat 3:15). Terwyl Hy staan en bid, vertel Lukas in 3:21 verder, het die hemel oopgegaan en het die Heilige Gees in sigbare gestalte soos 'n duif op Hom neergedaal. Daar was ook 'n stem uit die hemel wat gesê het: *"Jy is my geliefde Seun. Oor jou verheug Ek My."* Gedoop in water, gedoop of toegerus deur die Heilige Gees, kon Hy Sy drie-jaar lange openbare bediening op aarde begin en voltooi. Sodat Johannes jare later kon skryf: *"Die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon ... en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom - vol van genade en waarheid."* En *"Uit sy oorvloed het ons almal genade op genade ontvang"* (Joh 1:14 en 16). 'n Paar weke na hierdie gebeure daar by die Jordaanrivier, het hierdie selfde Jesus in die sinagoge daar in Nasaret opgestaan en gelees uit die boek Jesaja uit hoofstuk 61:1-2. (Vergelyk Luk 4:18-21).

- Gesalf deur die Gees ..."echrisen" sê die Grieks...Wat ook verstaan kan word as om mense te laat deel in die oorvloed van God se genade aan hulle ... Om kanaal te wees waardeur die bediening van God se liefde na mense kan vloei volgens hulle behoeftes. Miskien deur die Evangelie te verkondig aan armes. Of die Evangelie en sy boodskap aan te bied aan mense as 'n tronkdeursleutel vir al die verskillende tronkselle waarin hulle hulle bevind. Of om dit aan te bied as genesing aan blindes, of om mense onder ander se voete uit te haal en 'n plekkie in God se son te gee; om die jubileejaar, die genadejaar van die Here, aan te kondig.

- "Chrio, chrisma" sê die Griekse Woordeboek, beteken "salf, aanstel in 'n taak". Die Engels sê: "to pour oil upon someone as a means of conveying a supernatural blessing and endowment for a task ..." En "to pour oil upon someone ...preparatory to set a person on fire ..."

- Doping met die Heilige Gees is altyd salwing, boaardse, goddelike toerusting vir 'n bediening as mens van God in hierdie wêreld. So het ons dit ook in die Ou Testament sien gebeur met elke koning, priester en profeet wat bedoel was as God se mens in 'n spesifieke situasie. So sien ons dit in die Nuwe Testament gebeur.

- Na 'n bediening van drie jaar saam met hierdie Jesus as Sy dissipels, het hulle reeds die eerste drie treë van 'n geestelike geboorte gestap: sondebelydenis, geloof en doop. En net voor Sy hemelvaart gee Hy dan vir hulle opdrag om *"te wag op die belofte van die Vader, wat julle,*

> *het Hy gesê, van My gehoor het. Want Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal met die Heilige Gees gedoop word nie lank na hierdie dae nie ..."* (Hand 1:4 en 5). *"...julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde."* (Hand 1:8)

*"Julle sal die krag van die Gees van God ontvang ..."* het Jesus gesê en hiermee ten minste drie dinge bedoel:

1. Die Heilige Gees is die Persoon en die Krag van God in ons waardeur ons die boaardse vermoë het om ander te bedien met die lewe en die krag van God se koninkryk in hierdie wêreld.

2. Hierdie doping of salwing van die Gees moet ons as geskenk ontvang. Ons moet biddend ons leë hande in die geloof uitsteek om dit te wil hê. So seker as die Heilige Gees reeds in elke gelowige lewe, so seker wil Hy elke gelowige doop of salf met die oorvloed waarvan Jesus daar in Joh 7:37-39 geprofeteer het. En elkeen wat soos 'n kindjie vir Sy Pa in die hemel dit vra, sê Hy daar in Luk 11:13, sal dit ontvang.

3. As die Heilige Gees jou gedoop het, sal jy dit weet, sal ander dit weet. Jesus het dit tog belowe en die dissipels het dit persoonlik ondervind. Hierdie belofte is ook vandag vir jou bedoel.

Omdat daar niemand was om hulle die gebruiklike hande op te lê nie, salf God hulle daar op Pinksterdag deur Sy vingers van vuur op elkeen se kop neer te sit. En elkeen wat vervul was met die Gees het in ander tale, bekende tale, begin om God te loof en te prys, te profeteer en te vertel van die wonderdade en genade van God in Christus Jesus. *"Julle sal My getuies wees ..."* het Jesus tog gesê.

*"So sal dit in die laaste dae wees"*, sê God. "Laaste dae" is die Bybelse term vir die tydperk tussen Jesus se eerste koms en Sy Wederkoms. *"Ek sal my Gees uitstort op alle mense: julle seuns en julle dogters sal as profete optree; julle jongmense sal gesigte sien; julle oumense sal drome droom ..."* het die profeet Joël daar in hfst 2:28-32 geprofeteer. En dit het Petrus vir die skare in Hand 2:17 e v verduidelik was wat daar rondom hulle aan die gebeur was.

In Hand 4:31 lees ons weer hoe die plek waar die nuwe gelowiges byeen was, geskud het en almal met die Heilige Gees vervul is en met vrymoedigheid die Woord van God verkondig het.

Almal was een van hart en siel.  Niemand het sy goed net vir homself gehou nie, maar hulle alles met mekaar gedeel. *"Die apostels het kragtig getuig ... en die genade van God was groot oor almal"* (Hand 4:32-33).

Baie wonders en tekens het plaasgevind.  Dit was nie die uitsondering nie. Die betroubaarheid van Jesus se eie bediening is hierdeur bevestig, sê Petrus daar in Hand 2:22.  Daarom het die leiers van die nuwe gemeente ook hiervoor gebid in Hand 4:30.  God was sigbaar besig om onder en deur hierdie mense te werk.  Die gemeenskap was die gemeente goedgesind en die Here het elke dag mense by die gemeente bygevoeg.

Daar was ‘n vrymoedigheid ... ‘n "boldness" by die gelowiges merkbaar, sê Hand 4:31.   Die gees van ‘n Staffie, noem Gary dit altyd.

En, sê Hand 4:33, daar was hierdie "krag", dunamis sê die Grieks, hierdie energie, vermoë, om enige teenstand te oorwin, om dinge met bonatuurlike mag na God se wil te verander.  Daar was hierdie geloof dat God deur ons kan wonders doen.

Maar daar was ook ‘n versigtigheid ... want almal het na die Ananias en Saffira-gebeure geweet dit is die gemeente van ‘n heilige God dié.  Maar dit het nie mense gekeer nie.  Kyk maar wat lees ons daar in Hand 5:15 e v ...

Toe dit tyd word vir die gemeente om leiers te kies vir die daaglikse versorging van die gemeente, was die vereiste Hand 6:3 ...

En hoor net hoe preek een van hulle in Hand 7 ...!

Toe die vervolging die gelowige gemeente in alle windrigtings laat spat, het die Gees in hulle gemaak dat daar in Hand 8:4 die volgende staan:  dat die gelowiges wat uitmekaar gespat het tydens die vervolging, so vêr hulle gegaan het, die evangelie verkondig het.

Selfs tot in die streke van Samaria ...

Dit tref ‘n mens, as jy daar van Hand 8:14 en verder lees, dat die Heilige Gees ontvang is deur gelowiges waar ander gelowiges, wat reeds gedoop is met die Gees, vir hulle gebid en die hande opgelê het.  Dit het gebeur daar in hoofstuk 8:17; 9:17 en 19:6, asook in 2 Tim 1:6-7.  (Daar was net twee uitsonderings - waarvoor daar goeie redes genoem kan word - naamlik Hand 2 en Hand 10:4 e v ).

In Hand 9 word Paulus, na sy bekering, die hande opgelê om met die Heilige Gees vervul te word.

En as jy Hand 10:44 en verder lees, sê hoofstuk 10:46 dat sigbare tekens dit bevestig het dat die Heilige Gees op Kornelius en almal saam met hom gekom het, want *"... they heard them speak with tongues and magnify God."*

Glossais staan dit in die Grieks. Glossolalie noem ons dit.

Kom ons blaai nou na Hand 19:2 e v ...

Wat 'n interessante gebeure speel nie hier af nie! Paulus-hulle kom hier af op 'n groepie gelowiges in wie se lewens hierdie dunamis-krag van die Heilige Gees heelwaarskynlik nie sigbaar was nie. Daarom begin Paulus hulle uitvra. Ek kan dink dat hy iets soos die volgende vir hierdie gelowiges gevra het:

- Is julle geloofsfondamente as bruidskerk van Jesus reg gelê? Is julle geloofsgeboorteproses heeltemal afgehandel?
- Waarom ontbreek daar dan sigbare getuienis dat julle gedoop is met die Heilige Gees?

En dan hoor Paulus dat hulle nog gedoop is met die doop van Johannes en nooit gedoop is in die Naam van Jesus nie. En daarom het hulle ook van die Heilige Gees, en die doping met die Heilige Gees iets gehoor nie.

Ek kan hoor hoe Paulus dan vir hulle sê: Maar toemaar, dit is maklik om reg te stel!

En dan bedien hy doodgewoon die doop in die Naam van Jesus Christus aan hulle, en lê vir hulle biddend hande op sodat God self hulle kan doop met Sy Gees.

Dit verander mense ... Dit verander mense in mense wat - in Rom 7:6 se taal - ...God kan dien in die nuwigheid van die Gees. Hy is ons waarborg;, ons kredietkaart; wat toegang verleen tot alles wat in God se stoor vir gelowiges lê. Om, volgens Rom 8:13, in ons te werk om so 'n einde te maak aan die sondige praktyke wat steeds in ons lewens is. Om ons te maak uitroep: Abba, Vader. En ook saam met ons gees te getuig dat ons kinders van God en Sy erfgename is.

Maar Hy is ook die Een wat saam met ons bid (volgens Rom 8:26). En die Een wat ons inlei in 'n nuwe geestelike dimensie, sê 1 Kor 2:10 e v. Ja, na daar waar die Gees van God die verborge dinge van God aan ons bekend maak. En ons toerus met Sy gawes van 1 Kor 12 tot 14.

Sê vir my, begeer jy nie dit ook vir jouself nie? Vra dit dan van God en Hy sal dit ook vir jou gee, soos wat Hy dit vir my en miljoene ander al gegee het.

Deel van hierdie ontvangs is natuurlik ‘n vat daarvan. Ons is nie robotte nie. Die Heilige Gees forseer niemand om dinge te doen of dinge te sê sonder jou medewerking nie. Hand 2:4 sê baie uitdruklik dat dit die gelowiges was wat begin praat het in tale, en nie die Heilige Gees nie! Die Heilige Gees gee die taal, maar jy moet nog steeds self jou mond, asem, tong en lippe gee. Hy gee die energie, maar ons moet tot aksie oorgaan. Sy krag begin werk as ons ons wil en liggaam oorgee aan Hom en kies om te sê wat Hy wil hê ons moet sê - al voel dit buite beheer.

Dit is vir my baie interessant dat die skare gedink het dat die volgelinge van Jesus wat daar in Hand 2 die doping met die Heilige Gees beleef het, dronk was! Wat my dadelik laat dink het aan die vergelyking van Paulus daar in Ef 5:18 dat “vervulling met die Heilige Gees” is soos om “dronk te wees”.

Hierdeur maak die Skrif ons bewus daarvan dat om vervul te wees deur die Heilige Gees en waar Hy in beheer is, dit soms kan voel en lyk asof ons nie heeltemal ons ou self is waaraan mense gewoond geraak het nie.

My vraag aan jou is daarom: Is jy gewillig om selfs buite beheer te raak deur die werking van die Gees in jou?

In my eie persoonlike lewe was my manier om dit te oefen deur te begin om die Here hardop te begin loof en prys. En selfs soms te dans as dit kan. So het ek myself gehelp om te vergeet van die mense om my.

Joël 2:28 belowe dat dit gaan gebeur tot aan die einde van die laaste dae. Met ander woorde van die koms van Christus af tot by sy Wederkoms. Dit kan dus ook vandag met jou gebeur as jy dit vir die Vader gaan vra saam met ander gelowiges met hulle hande op jou ...